

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
28 Mei 1983

Onderwerp: 'n Lewende Kerk

Lees: 1 Petrus 2 verse 1 tot 10
Teks: 1 Petrus 2 vers 9
Sing: Psalm 146 verse 3, 6 en 7
Gesang 190 vers 1

“Van verskeie kante gaan daar deesdae al meer oproepe uit dat daar meer lewe in die kerk moet kom. 'n Mens verneem van persone wat die kerk verlaat om ander plekke van aanbidding te soek waar daar meer lewe sou wees en 'n atmosfeer van warmte aangevoel kan word. Sommige lidmate kla dat dit vir hulle onaangenaam is om aan 'n kerk te behoort waar hulle voortdurend berispe word, waar alles verdoem en veroordeel word.

“In die strewe na verandering en meer lewe in die kerk hoor 'n mens van aanbevelings soos:

- korter eredienste;
- meer dinamiese predikers;
- verandering van kerksang en musiek; en
- meer Evangelisasie veldtogte.

“Maar, Broers en Susters, as 'n mens hoor soos by die laaste Algemene Sinode, dat 10.7% van die lidmate van die kerk (ou NG Kerk) nooit meer die kerk besoek nie; en dat hierdie 10.7% nie minder as 103 000 is nie, waarvan 22 000 van die Wes-Kaap is, dan besef jy dat ons hier te doen het met 'n siektetoestand. En elke siektetoestand moet aangespreek word, voordat dit afmetings aanneem wat later nie meer gehelp kan word nie.

Broers en Susters, enige siektetoestand moet eers gediagnoseer word en dan word sekere middele aangewend om dit teen te werk. Maar steeds moet ons onthou dat die HERE in die laaste instansie die Groot Geneesheer is. En met 'n geestelike siektetoestand soos hierdie is dit nóg meer die geval as wanneer jy 'n liggaamlike ongesteldheid het. In hierdie geestelike siektetoestand is daar nie menslike middele waarop jy jou kan verlaat nie.

“Baie nuwe metodes word gesoek om meer lewe in die kerk te bring. Ek glo dit is die Kerk van Jesus Christus onwaardig om allerhande metodes te soek buite die Groot Geneesheer om. Daarom moet die nuwe

metodes wat aangewend word altyd op die Skrif gebaseer wees, anders word hulle menslike medisyne - wat die geestelike siekte nooit kan genees nie.

“In die Ou Testament lees ons dat Koning Asa baie aan sy voete gely het. In 2 Kronieke 16 vers 12 staan daar: ‘... maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere.’

“Daar is niks mee verkeerd om geneeshere te raadpleeg nie, maar ons moet steeds onthou dat ook die geneesheer afhanklik is van God vir die uitvoering van sy taak.

“In die siektetoestand van die kerk help dit nie om allerhande geneeshere te raadpleeg en allerlei nuwe metodes te soek nie. God stel Hom aan ons bekend as die Geneesheer. Moses het die volk van die Here by Mara aangespreek en gesê: ‘As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooe en al sy insettinge hou, dan sal Ek geneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.’ (Ex 15:26)

“Die profeet Jesaja sê ook in Jesaja 40 vers 31: ‘... die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.’

“Wag ons nog op die HERE? Of het ons begin om te wag op mense om vir ons die kerk lewendig te laat vertoon?

“God is dit wat ons gesond kan maak, daarom moet ons, ons toevlug tot Hom neem as ons bewus word van ’n siektetoestand in die kerk.

“Broers en Susters, nie die kerkraad of die predikant is alleen verantwoordelik vir méér lewe in die kerk nie. Wag op die HERE vir nuwe krag. In 1 Petrus 2 vers 9 lees ons: ‘Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig ...’

“Hierdie tekswoord sê vir elkeen van ons dat ons dit moet uitbasuin watter wonderlike ervaring dit is om verlos te wees; om verlos te wees van die vloek van sonde; om te weet dat ek oorgegaan het uit die dood na die lewe.

“Ons moet hierdie vreugde in ons binneste omdra. Ons moet hierdie opwindende lewe vertoon as lidmate van die Kerk van Jesus Christus. ‘Julle is ’n uitverkore geslag ... om te verkondig.’ God het die mens geskape om sy beeldraer te wees. Die doel met sy hele

skepping is om 'n spieël te wees waarin God gesien kan word en waardeur Hy verheerlik kan word.

“Elke mens het dit as hoogste doel van sy lewe om God te verheerlik en te leef tot eer van sy Naam.

“En nou, Broers en Susters, staan die mens as kroon van die HERE se skepping en rondkyk, op soek na iemand wat die HERE kan verheerlik. Nou kom ons in die kerk waar ons 'n kanaal vind om die HERE te dien en ons soek na mense en nuwe uitvindings om nuwe lewe in die kerk te bring.

“Die doel van God met ons lewe is dat ons sal verkondig die deugde van Hom ‘wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.’

“As jy vra na die lewe in 'n sekere gemeente dan kry jy dikwels as antwoord:

- hoeveel mense die eredienste bywoon;
- hoeveel opdaag vir die weeklikse biduur;
- of selfs wat die inkomste van die gemeente is.

“Dit mag alles tekens van die geestelike toestand van die gemeente wees, maar die eintlike maatstaf van lewe in 'n gemeente is hoeveel van die lidmate werklik hulle roeping beseft en ervaar om verkondigers van die HERE se wonderdade te wees - getuies van Jesus Christus. Die skrywer, Samanowski, het hom as teoloog bekwaam en nadat hy etlike jare as industriële werker tussen sy mense in fabriek gewerk het, was die slotsom waartoe hy gekom het, dat die wêreld behoefte het aan 'n kerk sonder 'n kansel. Daarmee het hy bedoel dat die kerk die kansel slegs nodig het sodat die gelowiges toegerus kan word as volk van God, maar in die kerk sonder kansel moet die gelowiges dan hulle gehoorsaamheid aan die HERE ervaar. Hulle moet elkeen 'n verkondiger word van die Evangelie boodskap.

“Broers en Susters, ons is geneig om te dink dat ons die kerk moet help deur soms tyd af te staan vir een of ander taak van die kerk; óf deur een of ander materiële bydrae te maak. En dan vergeet ons dat ons self die kerk is.

Jesus Christus hou self sy Kerk in stand en sy Kerk sal nie in duie stort as ons nie meer daar is om te help nie.

“Ons dure verantwoordelikheid is om met woord en daad die deugde van Hom te verkondig wat ons uit die duisternis geroep het na die wonderbare lig. Om hierdie verantwoordelikheid as selfstandige, volwasse lidmate op te neem, is die doel van God met ons lewens.

“Hoe bereik God hierdie doel in ons lewe? Ons moet net neerskryf en deurgee wat die Gees van God aan ons dikteer. En die opdrag kry ons in God se Woord. Uit 1 Petrus 2 vers 9 is dit duidelik dat God se doel met ons lewens volbring word as ons sy Woord verkondig.

“Die Here Jesus het in Handeling 1 vers 8 gesê: ‘... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees ...’

“Wanneer die Heilige Gees ons harte vul en ons oortuig van die waarheid van die Woord, dan gee Hy daarmee ook inhoud aan ons getuienis. Hy sê vir ons wat ons moet verkondig.

“Die Kerk van Jesus Christus word opgebou uit mense wat deur die Bloed van die Lam gereinig is en deur sy versoeningsdood vrede in hulle harte gebring het.

“Jesus Christus het gesterf en opgestaan en Hy leef tot in ewigheid. Deur geloof in Jesus kry ons deel aan Hom. Daarom dat 1 Petrus 2 verse 4 en 5 vir ons roep: ‘Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot ’n geestelike huis, ’n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.’

U bydrae is dus geen hulp vir die Kerk nie. Jesus Christus kan sonder ons geld of ons tyd of ons kragte klaarkom.

“Wat ons aan Hom gee, is uit dankbaarheid - ’n geestelike offer om te verkondig wat Hy vir ons gedoen het.

“Watter hulp kan ons aan ’n Almagtige God gee? Alles wat ons het en wat ons is, het ons van Hom ontvang. ’n Lewende kerk moet opgebou wees uit lewende stene - om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.

“Ons moet dus ophou soek na nuwe lewe in die kerk wat deur allerlei nuwe verwickelings en metodes aangeblaas kan word. Ons moet besef dat elkeen van ons geroep en uitverkies is sodat God sy doel met ons kan bereik. En dit is deur die verkondiging van sy Woord.

“Julle is ’n uitverkore geslag ... om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot die wonderbare lig.

“Amen.”

Kommentaar:

In retrospek is dit nou duidelik dat die agteruitgang in die NG Kerk, waarna Dominee Bester hier verwys, grootliks die resultaat was van infiltrasie en kaping deur die Vrymesselary. Die NG Kerk is hierna op subtiële wyse van binne vernietig.

Kerke wat geïnfiltreer is, kan uitgeken word aan twispunte binne die kerk wat nie volgens Bybelse beginsels opgeklare word nie, maar toegelaat word om onopgelos voort te duur. Dit sluit in die propagering van leringe wat in stryd is met die Bybel; die ondermyning van die gesag van die Bybel; en aandrang op veranderinge in liturgie en gebruike. Die doel hiermee is om die geloofsekerheid van Christene te vernietig.

Alhoewel die NG Kerk vernietig is, het dit geen gevaar ingehou vir die ware gelowiges in hierdie kerk nie. In Johannes 10 verse 27 tot 30 staan geskryf:

“My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.”

Johannes 6 verse 37 tot 40:

“Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.”

Al lyk dit of ons kerke en sosiale strukture vernietig is, sal nie een van die ware gelowiges onder ons mense en die ware gelowiges onder ons nageslagte verlore gaan nie.

Daarenteen is daar 'n ernstige waarskuwing vir diegene wat slegs in naam Christene is en Jesus Christus nie werklik ken nie en nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie. In Mattheüs 7 verse 21 tot 23 is geskryf:

“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”

So, hoe kom 'n mens tot bekering?

Bid dat die HERE jou tot bekering bring, sodat jy Jesus Christus as jou Verlosser sal aanneem en Hom waarlik sal ken en 'n persoonlike verhouding met Hom sal hê.

Laat die Heilige Gees jou lei om God se wil vir jou lewe te vind; en doen dit.

Onthou, Jesus Christus se wil is om die mens te red van sy eie sonde, duisternis en dood.

En as Jesus Christus jou gered het, sal jy deel wees van sy waarlik lewende Kerk.